Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*In 'n verkiesing word gesoek na die steun van die vlottende stem — d.w.s. van diegene wat geen koers het nie.*

# Die O.B.

*In die Ossewabrandwag word gesoek na die steun van die bodemvastes — d.w.s. van diegene wat net een koers het.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 14 JULIE 1943. No. 34.

## Die Verkiesing is Verby . . . . .

### Ons Volk Beweeg Voort . . . . . .

**7 Julie, die dag van demokratiese kruisiesmakery is verby. 8 Augustus, die geboortedag van ons volk in 'n nuwe beweging, nader vinnig.**

Op 7 Julie het ons volk sy stilstand, sy maling, sy onderlinge verdeeldheid en twis met 'n naamlose en dooie kruisie geregistreer. **Op 8 Augustus sal elkeen met 'n persoonlike offerdaad deelneem aan die beweging van sy volk na sy nimmereindigende Goddelike bestemming.** Hy wat 'n kruisie trek, teken nie sy naam nie. Hy wat sy volle naam in diens van sy volk teken, doen dit met moed en offervaardigheid. Hy wat sy dade wil verberg, maak in die geheim 'n kruisie; hy wat in die oë van die wêreld sy volkskap bewys, bring in die openbaar 'n offer . . . .

**Die dag van geheime kruisiemakery is verby, die dag van openbare kragmobilisering teen Imperialistiese en kapitalistiese oorheersing is môre dieselfde as gister.**

As ons die verkiesingstydperk met sy hoogtepunt van geheime kruisietrekkery op 7 Julie vir 'n oomblik van nader beskou, dan tref dit ons hoe maklik dit is om stil te staan en lawaai te maak. In hierdie periode, toe die koors baie hoog was, was dit asof die hele mens net uit 'n stem bestaan het. Hande, voete, romp, kop, ore en alles wat aan die liggaam behoort, het verdwyn en in die plek daarvan het net 'n rasende stem gekom. Dit het die hele liggaam vervang. Die mens het voorwaar net stem geword. Sy stembande is geproklameer tot sy hoogste en grootste, ja byna sy enigste besitting. Dr. Malan het dit verhef tot die belangrikste erfstuk van ons nasionale verlede!

Ons het in die verkiesingstrydperk weereens belewe dat 'n stem net een ding kan doen, en dit is om geluide voort te bring. En as die hele mens net 'n stem word, kan ons ons voorstel hoe die ganse mensewêreld in die land tot een groot dreunende stemgeluid verander het!

Hierdie oorverdowende stemgedreun het in die verkiesingstydperk byna daarin geslaag om ons van ons sinne te beroof. Ons verstand het letterlik stil gaan staan. Die een kon die ander langs hom nie eers hoor nie, wat praat nog van verstaan. Nou dat die stemlawaai effens bedaar het, danksy die geheime kruisiestrekkery op 7 Julie, toe die stem verander het tot swygende vingers wat 'n pen vashou, kan ons die aard van al die stemlawaaiery van voor 7 Julie — soos van die gedreun van veraf donderweer — so 'n bietjie by benadering vasstel.

**Nou dat die stem maar net weer 'n deeltjie van die liggaam geword het — daarvan getuig die heesheid van ons kele vandag — en die verstand homself besin oor sy belewing van uitgelate geskree tot en met 7 Julie, word dit so stadigaan duidelik dat die doel van die stemlawaai eintlik was om die Empire-regering uit die parlementsgebou te verwilder.** Nogal nie 'n slegte idee nie. Stel u voor dat 'n paar duisend man om en binne die parlementsgebou saamdrom en van die môre tot die aand en van die aand tot die môre aanhou skree net so hard as wat hulle kan, d.w.s. hul hoogste stemprestasie aanhoudend ten toon stel, en ek kan u verseker geen parlementêre Empirebewind sal daarteen bestand wees nie! **Ongelukkig het die stemlawaai van die afgelope weke op 7 Julie verander in 'n naamlose en morsdoodkruisie met die gevolg dat die Empirebewind net 'n klein groepie ,,verkose'' stembrekers in die parlementsgebou sal vind en hierdie groepie nogal ordeliewend volgens die reëls van die stemdemper, genaamd ,,Speaker'', die man wat swye oplê deur self te ,,speak''.**

#### TWEE STEMME

Maar die hele saak is nog ernstiger as dit. Bo al die lawaai van die verkiesingstryd het veral twee stemme uitgeklink, die stem van genl. Smuts en die stem van dr. Malan. Altwee het blou geskree dat sy stem eintlik die ,,Stem van Suid-Afrika'' is, met ander woorde, skree saam met my en jy is ,,in tune'' met die onsterflike siel van Suid-Afrika.

,,Skree saam met my'', sê die Veldmaarskalk, ,,en ek sal as lid van die Empire-span die laaste rondte tot aan die einde van die weg van eer aflê''.

,,Skree saam met my.'' sê die Dokter, ,,en alle geslagte wat was, die geslagte wat is en die geslagte wat kom sal jou saamstemmery loof as net so 'n groot daad soos Slagtersnek, die Groot Trek, die Eerste Vryheidsoorlog, die Goudoorlog en die Rebellie van 1914''.

,,Stem vir my'', skree die Veldmaarskalk, ,,en veg voort vir vryheid, Christendom en demokrasie sodat ,social security' jou lot vir ewig sal wees''.

,,Stem vir my'', skree die Dokter, ,,en ek sal die oorlog binne die beweeglike grense van Suid-Afrika beperk, en as Hitler geneë is 'n vrede maak waarin vryheid, demokrasie en Christendom sal heers en maatskaplike veiligheid jou ewigdurende lot sal wees''.

,,Stem vir my'', skree die Veldmaarskalk, ,,en die groter Afrika sal jou tuiste wees — en as julle almal en een vir een dit verlang, noem ons dit die

(Vervolg op bls. 2, kol. 1)

## MOEDER SE DANK AAN O.B.-NOODHULPFONDS

Mev. J. A. van Rensburg van Johannesburg spreek haar waardering vir die Ossewabrandwag se hulp as volg uit in 'n brief:

Vergun my asseblief die geleentheid om deur middel van Die O.B. my opregte dank en waardering te betuig aan die Ossewabrandwag, en veral die O.B.-Noodhulpfonds, vir alles wat hulle vir my en my twee kindertjies gedoen het en vir ons beteken het in die 18 maande waarin my man, C. J. van Rensburg, in die interneringskamp op Koffiefontein was. Hy is in Januarie 1942 geïnterneer en is tans op plaasparool uitgelaat.

**In al hierdie tyd is ek en my twee kindertjies gereeld gesteun deur die Noodhulpfonds. Ook is ons bygestaan toe my een dogtertjie operasies in die hospitaal moes ondergaan.**

**Waarlik, die Ossewabrandwag het ook in ons geval die bewys gelewer dat sy leuse: ,,Elkeen vir almal en almal vir elk'' nie slegs lippetaal is nie. Met so 'n gees vaardig onder ons volk kan ons die toekoms vol verwagting tegemoet gaan.**

## TOG 'N VOLKSTEMMING OOR DIE OORLOG

In 'n vorige uitgawe het ons aangevoer dat duisende nasionaalgesindes nie in die verkiesing sou stem nie. 'n Groot aantal Afrikaners kon geen nut daarin sien om te stem in 'n verkiesing wat 'n anti-oorlogsbetoging moes gewees het, maar in werklikheid niks anders geword het as 'n gewone kragmeting tussen partye nie. Daarom, so het ons betoog, moet ook diegene wat wegbly van die stembus bygereken word by die anti-oorlogstem.

**Genl. Smuts het 'n beroep op sy ondersteuners gedoen om van die verkiesing 'n referendum — d.w.s. 'n volkstemming ten gunste van die oorlog — te maak. Volgens sy pers het sy ondersteuners aan hierdie versoek voldoen, want oral word beweer dat daar 'n rekord aantal stemme uitgebring is. Deur een kaapse blad is daarmee gespog dat die Verenigde Party genl. Smuts se oproep ,,tot op 'n letter gaan nakom.'' Daar kan dus met veiligheid aangeneem word dat alle oorloggesindes wat enigsins kon, gaan stem het.**

Dr. Malan daarenteen het uitdruklik verklaar dat die verkiesing vir hom nie oor die oorlog alleen gaan nie — dus geen volkstemming nie. Baie anti-oorloggesindes kon dus sonder gewetensbeswaar buite stemming bly.

**Daar moet dus aangeneem word dat almal wat vir die oorlog is, gaan stem het, en dat diegene wat daarteen is, òf vir anti-oorlogskandidate gestem òf eenvoudig buite stemming gebly het.**

**Die uitspraak ten gunste van die oorlog sal dus wees die aantal stemme uitgebring op die Regering, en die uitspraak teen die oorlog die aantal stemme uitgebring op anti-oorlogskandidate plus die aantal stemme wat nie uitgebring is nie.**

## BEROEP OP ROLPRENT-FOTOGRAWE

Dit het onder ons aandag gekom dat daar op baie plekke nog persone is wat oor rolprentopnames beskik van O.B.-feeste en ander geleenthede waar die gees van ons Volksbeweging treffend vertolk word.

Ten einde sulke opnames tot beskikking van ons Beweging te stel, doen ons hiermee 'n vriendelike beroep op alle persone wat oor bruikbare rolprentopnames van 16 m.m. beskik, om dit te besorg aan: Die Voorligtingshoof, Spoorbondkasgebou 509, Posbus 8262, Johannesburg.

Die opnames sal nagegaan word en indien dit aan die nodige vereistes voldoen en geskik vir vertoning gevind word, sal die eienaar, indien hy dit verlang, 'n redelike vergoeding daarvoor kry.

## KRUGERMUNTSTUKKE VIR 8 AUGUSTUS

**'n Kosbare houtkissie met 'n volledige stel Krugermuntstukke is deur mnr. I. H. L. Minnaar van Woodstock aan die kommando Observatory geskenk met die oog op stywing van die Ossewabrandwagfonds vir 8 Augustus. Die kissie is van mooi hout gemaak in die vorm van 'n langwerpige raam met twee glaskante waartussen die muntstukke op 'n swart hout ingelê is sodat die voor- en agterkante sigbaar is.**

**Dit is 'n uiters waardevolle versameling wat op kunstige wyse bewaar word, en sal die eiendom word van die persoon wat per pos of persoonlik die hoogste aanbod maak by die Hoofkwartier van Wes-Kaapland, wat dit vir die kommando in bewaring geneem het.**

*ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS*

'N

GULDE GELEENTHEID

IN DIE VOLLE SIN VAN DIE WOORD

Beleggings moet veilig en winsgewend wees, belê daarom u geld in 'n bewese winsgewende besigheid met ses groot takwinkels en twee fabrieke wat almal 'n vaste en groot omset het. Excelsior Meubels het reeds in sy eerste jaar 8% dividend op beleggings betaal, dit verskaf werk aan 80 blankes wat jaarliks £25,000 verdien terwyl die jaarlikse gesamentlike omset van die takke en fabrieke reeds £200,000 beloop.

U gaan ook deelneem in die opbou van hierdie grootste Afrikaanse saak! 'n Prag-brosjure word tot u beskikking gestel wat bewyse lewer van die sukses van

EXCELSIOR MEUBELS BEPERK.

Die Sekretaris Posbus 6670.
EXCELSIOR MEUBELS BEPERK. JOHANNESBURG.
Stuur u prag-brosjure asseblief aan
M ..........................................................
..........................................................

## Die Verkiesing is Verby

(Vervolg van bls. 1)

Gefedereerde Republiek van Afrika".

,,Stem vir my", skree die Dokter, ,,en ek gee julle 'n suiwere tweetalige Republiek van Suid-Afrika waarvan gelykheid tussen Brit en Boer die hoofkenmerk is en waarin die afwykende Afrikanerparty en Ossewabrandwag van die toneel verdwyn het".

,,Stem vir my", skree altwee, ,,sodat vryheid, volkswil en demokrasie, sosiale geregtigheid en Boer-Britse samewerking mag heers — en partyverkiesings 'n vyfjaarlikse lawaai-instelling mag bly".

Die smeekbedes is te veel om op te som. As ons alles moet noem sal selfs Die Transvaler se aanhitsing: ,,stem vir dr. Malan se Party as julle hondewedrenne wil afskaf" 'n plek moet vind. Ook sal ons alle ander partyvoormanne se redes om so of so te stem, moet saamvat. Maar dan sal dit onmoontlik wees om presies vas te stel waaruit al die stemgedrom voortgespruit het.

**Dog die ernstigste van die hele stemlawaai van die verkiesingstryd was dat ons volk in beweging byna tot stilstand geskree is.** Al die botsende stemgeluide saam het immers saamgesmelt in die bekende klank ,,Hok-haai!" of, as 'n mens Engels verstaan ,,Halt"! Ook hulle wat as Brandwagte besig is om voort te beweeg na die eindbestemming van hul volk is deur al die geraas byna tot stilstand gebring. **Hulle het byna begin glo dat 'n stem die enigste moontlike menslike aktiwiteit is. Hulle wou net begin om onklaar in die trektoue te trap, om in die rondte te maal met die horings in die trekmaat se ribbes — so hittetitte or die voortbeweging het onder al die geraas, geskree en lawaai ontaard tot 'n onderlinge stotery en kwaadwordery. Toe kom egter die duidelike bevel van die trekleier: ,,Markeer die pas — oë regs en aanskou die tragedie van 'n demokratiese partyverkiesing in 'n tyd wanneer stilstand, onderlinge twis en dooie kruisies die dood beteken . . . . Trek self 'n geheime kruisie teen die Empire en oortuig jouself van die nutteloosheid daarvan . . . . Onthou net dat jy behalwe 'n stem nog voete het om voort te beweeg en 'n vuis het om die pad na jou volk se eindbestemming oop te slaan . . . ."**

Nou dat 7 Julie verby is, hoor ons weer Hans van Rensburg se skerp bevel: ,,Voorwaarts, marsjeer!" Die trektoue word styf, die wat onklaar getrap het, ruk reg en die trek gaan voort.

Lewe die Ossewabrandwag!

## O.B.-ROLPRENT WEK GROOT GEESDRIF

### VERTONINGS IN TRANSVAAL

Die rolprent ,,Die Gedissiplineerde Afrikanerdom" met sy skitterende opnames van eie landstonele, onlangse gebeurtenisse sowel as van die magtige volksbetogings wat die Afrikanerdom in die dae van sy hegte eenheid binne die Ossewabrandwag geken het, voordat die party-politiek opnuut met listige en sluwe sette die volk uitmekaar geskeur het, het so pas 'n baie geslaagde reis deur Wes-Transvaal voltooi.

Ook op al die plekke waar dit onlangs vertoon is — Sannieshof, Delareyville, Ventersdorp, Koster, Groot-Marico, Makwassi en Wolmaransstad — het dit goeie opkomste getrek en uit die dawerende toejuigings wat telkens uit die gehore opgestyg het, was dit duidelik dat diegene wat die voorreg het om hierdie rolprent te sien, weer die bloed in hul are voel bruis het by die aanskouing van die magtige gedissiplineerde betogings by Amajoeba, Potgietersrust, Pretoria en ander plekke. Soms was die spontane gejuig en handegeklap so geesdriftig dat dit etlike minute geneem het om tot bedaring te kom.

Die vertonings word tans in Oos- en Noord-Transvaal voortgesit.

# Ontsnapping al Weg tot Vryheid

## Onaangeklaagdes Getuig van Wanhoop Aan Ministeriële Geregtigheid

**Twee van die vyftien Afrikaners wat onlangs uit die Johannesburgse Fort ontsnap het en kort daarna weer in hegtenis geneem is, is voorverledeweek in die magistraatshof van Johannesburg verhoor op aanklag dat hulle uit bewaring ontsnap het. Uit die getuienis wat hulle afgelê het, blyk onteensegllk dat die behandeling wat hulle ondergaan het, 'n totale afwyking is van die regsadministrasie in beskaafde lande. Tot so 'n mate was dit die geval dat die magistraat sy uitspraak vir onbepaalde tyd moes voorbehou nadat deur die verdediging aangevoer is dat die aanhouding nie kragtens wet geskied het nie.**

In sy getuienis het N. T. Coetzee verklaar dat hy die eerste keer op 7 April in hegtenis geneem is en vir ondervraging aangehou is. Terwyl hy aangehou is, het hy minstens 20 uitkenningsparades bygewoon wat gehou was in verband met 'n groot verskeidenheid van misdade wat in verskeie dele van Transvaal gepleeg is.

**Onder die misdade waarvoor uitkenningsparades gehou is en waarop hy moes verskyn, was die moord op Lotter, 'n hele aantal ander en een van diefstal van 'n sigaar en £4. Baie van die misdade waarvoor hy op 'n uitkenningsparade moes verskyn is gepleeg nadat hy reeds in die tronk was. Hy is nie op 'n enkele parade uitgeken nie.**

Hy kan nie aan enigiets dink waarom hy aangehou word nie. Hy was nog nooit van enige misdaad aangekla nie. Die politieke personeel van die speurdiens het hom verskeie kere in die tronk ondervra.

Daar was twee hongerstakings terwyl hy in die tronk was. Hulle het gestaak omdat hulle nie aangekla is nie. Die eerste staking is in Mei beëindig nadat 'n brief van die Prokureur-generaal aan hulle voorgelees is. Daarin is belowe dat hulle tussen 20 en 31 Mei aangekla sou word. Hulle is nooit aangekla nie en op 1 Junie het hulle weer begin staak. Die staking is beëindig toe weer 'n brief voorgelees is dat hulle teen 17 Julie aangekla sou word. Hy is nog nie aangekla nie.

**Hy is seker dat hy na die interneringskamp gestuur sal word as hy uit die tronk ontslaan word. Daar was dus geen hoop dat hy weer op vrye voet sou kom solank die oorlog duur nie.**

**Voordat hy ontsnap het, was sy enigste ontspanning op-en-neer-stap in die agterplaas vir 'n halfuur in die oggend en 'n halfuur in die aand.** Toe die ander die deure oopgesluit het, het hulle hom gevra om saam te kom en hy het die kans waargeneem. Hy het gevoel dat daar geen ander metode is om sy vryheid te herwin nie.

**Hy word nou in eensame opsluiting aangehou met kettings aan sy voete. Hy moet selfs met die kettings wat 10 pond weeg, aan sy voete slaap.**

By die voortsetting van die verhoor het Johannes Stefanus du Plessis, die tweede beskuldigde, getuienis afgelê.

Du Plessis het verklaar dat hy op 16 Februarie in hegtenis geneem is en nog steeds in die Fort vir ondervraging aangehou word.

Hy is dikwels deur speurders ondervra en moes baie uitkenningsparades bywoon en is slegs een keer uitgewys in verband met 'n ongeluk op Groblersdal. Sover hy weet, het die ongeluk egter eers plaasgevind nadat hy reeds in die gevangenis was.

Hy het die getuienis van Coetzee oor die hongerstaking bevestig. Hy is vandag te enigertyd bereid om sy onskuld voor 'n hof te bewys as hy maar net aangekla kan word.

**Hy is op 15 Junie weer in hegtenis geneem en word eensaam opgesluit. Hy mag niemand daar sien nie en word in kettings gehou. Hy mag geen ander kos as die tronkkos kry nie.**

Onder kruisverhoor van mnr. Van Wyk het Du Plessis ontken dat hy hom heftig verset het teen die speurders wat hom ná sy ontsnapping in hegtenis geneem het.

Die ontsnapping uit die Fort is bespreek. Hulle het geweet dat 'n sekere mate van geweld nodig is om die tronkbewaarders te oorrompel en hy wil hom nie verontskuldig wat dit betref nie.

116 Takke 44,000 Lede — **AVBOB** — Reserwefonds £113,000

**Hoofkantoor:**

**St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN**

**Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene**

**'N JONG AFRIKANER SKRYF AS VOLG:**

**,,Al my suksesse skryf ek toe aan die eersteklas lesings wat u Kollege aan die verskillende Helpmekaar-studente verskaf. Ook help die dosente mens baie vorentoe op die pad van sukses."**

**MEER AS 200 KURSUSSE**

**Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie-Kollege in Suid-Afrika.**

**Pos die Koepon nog vandag vir gratis besonderhede asook vir die pamflet:** ,,'N BOODSKAP AAN U".

DIE BESTURENDE DIREKTEUR,
Helpmekaar-Korrespondensie-Kollege
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u Korrespondensie-Kursusse.

Ek stel belang in ............................

Naam ............................

Adres ............................

(O.B, 14 Julie 1943) ............................

**Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D. Litt. et Phil. (Leiden).**

**HELPMEKAAR-KORRESPONDENSIE-KOLLEGE**

**VOORTREKKERGEBOU 310, HOEKSTRAAT 18,**
JOHANNESBURG
**POSBUS 3512** **FOON 22-3512**

Die Afrikaner-motoreienaar se tuiste in die teenswoordige motorwêreld.

Sy sterkte en Mekka in die na-oorlogse motorwêreld. Sorg dat u daarin bly as u reeds 'n TREKKER is — of sluit sonder versuim aan.

**V.M.K. BPK.,**
**Groote-Kerkgebou,**
**Adderleystraat,**
**KAAPSTAD,**

**VLAM, BPK.,**
**Groote-Kerkgebou,**
**Adderleystraat,**
**KAAPSTAD.**

*Takkantore dwarsdeur die Unie van Suid-Afrika en Verteenwoordiging in Suidwes-Afrika.*

***£1000 vir u Oë***

**Sekerlik nie — Gee hulle dan die geringe aandag wat hulle toekom.**

***DUWAS***

***Die Antiseptiese en Helende Oogwas.***

**'n Spesialiteit se Voorskrif vir moegheid, branderigheid, spanning, rooiheid, inflammasie, waterigheid en gevoeligheid van die oë vir skerp lig en stof.**

**Van alle Apteke, of direk van**

**Die Voortrekker-Apteek**

**KERKLAAN, ADDERLEYSTRAAT, KAAPSTAD, (BUS 2760).**
**MAITLANDSTRAAT 37A, BLOEMFONTEIN, (BUS 765).**
**ANDRINGASTRAAT (BARCLAYS BANK-GEBOU), STELLENBOSCH.**

# Stalin se Wêrelddespotisme

## Vyfdekolonner-Werk en die Beloning

(II.)

**In hierdie reeks artikels word 'n beskrywing gegee van Stalin se wêreldpolitiek soos meegedeel deur die hoof van die Russiese spioenasiediens in Wes-Europa, W. G. Krivitsky, wat later weggebreek het van Stalin as gevolg van laasgenoemde se barbaarse despotisme.**

So agterdogtig het Stalin op buitelandse kommuniste geword, dat hulle nie meer seker van hul lewe in Rusland was nie. Die skrywer verhaal hoe hy in 1934 uit sy kantoorwerk gewek is deur die vrolike gesang van 'n verbymarsjerende groep Oostenrykse sosialiste wat na Rusland gevlug het. Die Russiese volk het spontaan agter hulle in gelid getree. Dit was 'n toonbeeld van wêreldbroederskap. Een van die skrywer se kollegas het langs hom die opmerking gemaak dat daar binne ses maande sewentig persent van hulle in die Ogpoe se tronk sal sit as verdagte spioene. Hierdie man was 'n goeie kenner van Stalin se metode. **Van die driehonderd Oostenrykers het na 'n paar jaar nie 'n enkele oorgebly in Rusland nie. Dié wat nie in die tronk gesmyt is nie, is later gedurende die Spaanse Burgeroorlog deur die Russiese regering na Spanje verskeep om daar te veg. 'n Paar het probeer om uit Rusland na hul vaderland terug te keer, daar hulle verkies het om liewer in Oostenryk in die tronk te sit as om in Rusland in vryheid te lewe!**

Ná die stigting van die Kommunistiese Internasionale in 1919 is herhaalde pogings aangewend van uit Moskou om 'n wêreldrevolusie op gewelddadige wyse tot stand te bring. Die een land na die ander is onder hande geneem. Kommunistiese partye is oral gestig wat gehoorsaamheid verskuldig was aan die bestuur in Moskou, en wat die revolusie moes voorberei. In 1920 het die rooi bewind 'n poging aangewend om Pole met militêre mag te oorrompel. **Sowel die Kommunistiese Party in Pole as die militêre spioenasiediens van die Sowjet agter die front, het verwarring en verdeeldheid in Poolse geledere gesaai.** Op die oomblik toe die groot Bolsjewistiese generaal, Toekasjefski — wat later deur Stalin tydens die groot suiwering doodgeskiet is — voor die poorte van Warskou gestaan het, het 'n afgevaardigde, Dombal, in die Poolse parlement verklaar dat hy in die Rooi Leër geen vyand sien nie, maar inteendeel die Rooi Leër as 'n vriend verwelkom. Sy toespraak is deur die kommuniste wyd en syd versprei.

### SY UITEINDE

Dombal is dadelik deur die Poolse regering in hegtenis geneem en eers drie jaar later is hy losgelaat deur aan Rusland uitgeruil te word vir Poolse aristokrate en priesters wat as gyselaars aangehou was. Hy het na Moskou gegaan waar hy vereer is as een van die helde van die Komintern. 'n Hoë betrekking is hom aangebied en vir baie jare was Dombal een van die leidende amptenare van die Komintern. **In 1936 is hy in hegtenis geneem op aanklag dat hy sewentien jaar lank — dus sedert sy toespraak in die parlement — 'n Poolse spioen was! Die Ogpoe het hom „skuldig" bevind en doodgeskiet.**

Gedurende die oorlog, verklaar die skrywer, het die Kommunistiese Party in Pole skouer aan skouer met die Rooi Leër gewerk. Hulle het alle bevele van die aanrukkende leër van Toekasjefski uitgevoer. Sabotasie is deur hulle gepleeg, verdeeldheid geskep en stakings georganiseer in ammunisiefabrieke en in die hawens waar wapentuig afgelaai moes word.

Die Russies-Poolse Oorlog was een van die hardnekkigste pogings van die Sowjet om die kommunistiese revolusie deur middel van wapengeweld in Wes-Europa in te voer, verklaar die skrywer. Die poging het egter misluk omdat die Rooi Leër nog een kant teen die Wit Russe moes veg. Die aandag is daarna aan Duitsland geskenk. Die berugte Bela Kun — later ook deur die Ogpoe om die lewe gebring — is in 1921 na Berlyn gestuur om die revolusie te organiseer. **Die Kommunistiese Party van Duitsland het eenvoudig opdrag uit Moskou ontvang om in opstand te kom. Die leiers was verslae, want hulle het geweet hulle het geen kans gehad nie, maar hulle het gehoorsaam.** Op 24 Maart het die kommuniste die stadsbestuur van Hamburg oorweldig, terwyl gelyktydige aanslae in verskeie ander groot stede gemaak is. Die kommunistiese pogings om hierdie plaaslike opstande te koördineer, het egter misluk. Hul getroue, opgeleide partylede het die bevel gehoorsaam en is bataljon na bataljon deur die partybestuur na hul dood gestuur. Vroeg in April was die opstand onderdruk. Die leier van die Duitse kommuniste, Paul Levi, wat teen die onderneming gekant was en dit as gekheid bestempel het, is uit die party verban.

### TWEEDE POGING

In 1923 tydens die Franse besetting van die Ruhr-gebied, is 'n tweede poging aangewend. Die skrywer en 'n paar ander offisiere is dadelik na Duitsland gestuur om die wapens vir 'n opstand te smee. Hans Kiepenberger is aan die hoof van die organisasie gestel en sy netwerk van vyfdekolonne-bedrywigheid het spoedig elke afdeling in Duitsland met insluiting van die Nazi's deurdring. Kiepenberger het die Komintern met groot toegewydheid gedien. Selfs 'n paar maande na Hitler aan bewind gekom het, het hy nog gevaarlike ondergrondse werk in Duitsland verrig. In 1933 het hy na Moskou gevlug en in 1936 is hy in hegtenis geneem as 'n Nazi-spioen. **Ses maande lank het die Ogpoe hom bewerk in 'n poging om 'n erkenning uit hom te dwing. Eindelik het hy „erken". „Daar is 'n spyker in my kop," het hy voortdurend gesê, „gee my iets om my te laat slaap."**

In die Ruhr het die Franse naderhand propaganda begin maak vir die afskeiding van die gebied van Duitsland en 'n afskeidingsbeweging het onder die bevolking ontstaan. Die nasionaliste en die kommuniste het hierdie beweging skouer aan skouer bevég — die een om die gebied vir Duitsland te behou, die ander om dit vir Rusland te verseker. Intussen egter het die kommuniste voortgegaan met die organisering van 'n revolusie. **Terreurgroepe is in die lewe geroep wat snags polisiehoofde en offisiere van die Duitse Weermag doodgeskiet het. Ná die revolusiepoging het hierdie terroriste na Rusland ontvlug en later almal hul einde in Siberië as ballinge gevind.**

Hierdie keer het Moskou sy beste manne na Duitsland gestuur om die revolusie tot 'n sukses deur te voer. Die gedugte rooi propagandis, Karl Radek, was een van hulle — in 1937 was hy ook 'n slagoffer van Stalin se suiwering. Die datum vir die opstand is in Moskou bepaal, maar op die laaste oomblik is dit uitgestel. Nog 'n keer is die datum verskuiwe en die kommuniste in slagorde opgestel. Op die laaste oomblik het dit Moskou weer aan moed ontbreek, en 'n telegram is gestuur om nog te wag. Die berig het Hamburg te laat bereik en die kommuniste, met kenmerkende Duitse dissipline, het op die bepaalde uur in geveg getree. Die hele onderneming het binne enkele dae in duie gestort. Lede van die Kommunistiese Party op ander plekke kon nie begryp waarom hul makkers in Hamburg in die steek gelaat is nie. Maar die wedywerende teenstanders van Brandler, die Kommunistiese leier in Duitsland, was bekend met die tegniek van die Komintern.

„Brandler is verantwoordelik vir die mislukking", het hulle uitgeroep.

„Heeltemal reg", het Moskou geantwoord. „Brandler is 'n opportunis en 'n sosiale demokraat. Hy moet trap!"

'n Sondebok is gevind en die Komintern se eer is gered.

(Word vervolg.)

# Jeugfront Kry Nuwe Naam en Eie Noodhulpfonds

## Eerste Aankondigings van Leier

**Die leier van die Boerejeug (Jeugfront), prof. D. J. van Rooy, het die volgende verklaring uitgereik waarin hy o.a. die naamsverandering van die Jeugfront aankondig:**

Aan alle Jeugfronters, Offisiere en Brandwagte, 'n hartlike groet!

Op gesag van die K.G. en die Grootraad van die O.B. is ek tot leier van die Jeugvertakking van ons Volksbeweging benoem en moes ek soos dit elke O.B.-lid betaam gehoorsaam wees en die benoeming aanvaar. Daarmee val 'n gewigtige taak op my skouers en my bede is dat God my daartoe die nodige krag en wysheid mag skenk. Die liefde en lus vir die taak is daar wel, want jeugwerk het nog steeds die liefde van my hart gehad. Daarom aanvaar ek blymoedig die leierskap en hoop ek om met elke Jeugoffisier en Jeugfronter persoonlik kennis te maak. Saam gaan ons ons inspan in die diens van onse God, ons volk en ons land.

Die eerste aankondiging betref **ons naam.**

Tot dusver het ons bekend gestaan as die O.B.-Jeugfront. Hierdie naam stam uit die tyd toe die O.B. van plan was om ook ander „fronte" in die lewe te roep. Aangesien daar egter nooit 'n tweede front gekom het nie verval ook die goeie rede vir die naam Jeugfront. **As gevolg van 'n gesprek met die K.G. het ek besluit dat ons naam in vervolg sal wees „Die O.B.-Boerejeug". Ons is kinders van die Boerevolk en hierdie heuglike feit waarop ons trots is wil ons in die naam van ons Beweging dankbaar gedenk.**

Die O.B.-Boerejeug word as volg ingedeel:

Ouderdom 0—6 jaar: Die Boerebabas; 6—12 jaar: Die Boerekleingoed; 12—18 jaar: Die Boereseuns en Boeredogters.

**Die Boerebabas is 'n nuwe maar belangrike laer wat bykom. Hulle sal natuurlik nog nie aktiewe lede van die Boerejeug wees nie. Die Ouers van babas onder die 6 jaar het die reg om hulle dadelik by ons hoofkwartier, Spoorbondkasgebou 511, De Villiersstraat, Johannesburg, te registreer. Stuur die naam, geboortedatum en adres en sluit 1/- vir elke baba in. Dan ontvang die Ouers die lidmaatskapkaart wat hulle bewaar en op die baba se 6de verjaardag by die naaste Jeugoffisier inlewer.**

Onthou Ouers, dit gaan 'n voorreg word om 'n kind in die Boerejeug te hê. Registreer dus dadelik!

Die tweede aankondiging stel bekend dat die Boerejeug sy eie Noodhulpfonds gaan opbou. Die gelde daarvoor gaan hulle deur eie inspanning verdien. Die fonds gaan aangewend word om kinders van geïnterneerde volksgenote by te staan en „Die O.B." sal gereeld van ontvange en uitbestede gelde verslag doen. **Van die Potchefstroomse Boereseuns en -dogters het ek £6 13s. 2d. (ses pond dertien sjielings en twee pennies) as eerste bydrae tot die fonds ontvang. Dit is die opbrengs van 'n konsert wat hulle vir dié doel georganiseer het. Wie volg?**

Nou 'n eerste opdrag aan ons Offisiere. In vervolg moet sorggedra word dat elke Boereseun en Boeredogter, en ook die Kleingoed wat al kan lees, ons blad gereeld onder die oë kry. Baie kry dit tuis te lees, maar daar is ander vir wie spesiale voorsiening gemaak moet word. Dat die Offisiere self die blad ontvang moet vanselfsprekend wees.

(Get.) D. J. VAN ROOY,
30 Junie 1943. Jeugleier.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-0212.

Ten spyte van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

Damesuitrusting

by

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE

L.W.—Ons is elke Woensdag gesluit.



## KOOP U EIE

| | | |
|---|---|---|
| O.B.-Skryfblok | 2/6 | elk. |
| O.B.-Musiekbundel | 2/6 | ,, |
| K.G.-Portret | 1/- | ,, |
| K.G.-Knopies | 1/- | ,, |
| Vierkleur-Vlaggies | 1/- | ,, |

## KENNIS IS MAG ! !

Lees:

(1) Die O.B. Vanwaar en Waarheen .. 1/- elk.

(2) Gesonde Huisgesinne bou 'n Lewenskragtige Volk 9d. elk.

(3) Drie toesprake van die K.G. oor
a. Parlementsverkiesing
b. Die Soldate
c. Die Kommunisme .. 9d. elk.

(4) Lewensbeskrywing en eerste drie toesprake van die K.G. .......... 6d. elk.

**OOK DIE VOLGENDE BELANGRIKE BROSJURES:**

1. Demokrasie of Volkstaat (deur dr. P. J. Meyer) 9d. elk.
2. Arbeidsordening binne die Volksbeweging en Volkstaat .. 9d. ,,
3. Toekomstige ordening van die Volksbeweging in S.A. 9d. ,,
4. Die Vooraand van ons Vrywording ........ 9d. ,,

**Bly op hoogte met die Doel en Strewe van die Ossewabrandwag.**

Bestel dadelik u voorraad by:—

**Publicité Handelsreklamediens (Edms.) Bpk.**
**Posbus 4892,**
**JOHANNESBURG.**

## O.B.-MUSIEKBUNDEL.

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel ! !

Elke Brandwag behoort die O.B.-MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die ,,Ossewabrandwaglied'' moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met passende woorde vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

***Prys 2/6 Posvry.***

3/6 insluitende 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

Bestel nou by:—

**Publicité Handelsreklamediens (Edms.) Bpk.**
**Posbus 4892,**
**JOHANNESBURG.**

***ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS***


DIE O.B., WOENSDAG, 14 JULIE.

# In Die Naam Van Demokrasie

Toe die ou Grikwa wat sy eie kanon gebou het die bevel gee om te skiet nadat dit met 'n volwasse lading buskruit gevul was, het die hele spul ontplof en al sy manskappe rondom die ,,kanon'' het op die grond bly lê. ,,As dit hier so lyk, hoe moet dit nie daar anderkant lyk nie,'' was sy troosskrale gevolgtrekking. Dieselfde troos kan ons volk homself toevoeg na die volle gebruikmaking van die Brits-demokratiese stembuswapen vir die soveelste keer in ons hygende stryd om vryheid. Want dié troos het ons, dat hoewel die ,,vyand'' miskien meer setels verower het as ,,ons'', hy minstens net so geestelik vermink uit die stryd gekom het as onsself — deur eie toedoen.

Vir die soveelste keer is ons volk opgeroep om nekdiep deur die modderstroom van Britse party-politiek te worstel in die hoop — wat hom ingeprent word — dat hy sy beloofde land daar oorkant sal ontvang. Vir die soveelste keer het ons volk met geen ander wins as slyk en modder die wal uitgestrompel nie. Vir die soveelste keer het ons volk weer 'n sport laer afgegly van sy geestelike staanplek. En dit ondanks die moeisame pogings van die Ossewabrandwag om ons volk op te hef uit die demokratiese staat van eerloosheid waar sluheid en lis van groter waarde geag word as opregtheid van inbors, waar die leuen doeltreffender is as die waarheid en waar die uitdeel van 'n kombers of 'n paar skoene meer bydra om 'n persoonlikheid te bekwaam vir die status van volksverteenwoordiger as beginsel en karakter.

Diegene wat danksy hul gehegtheid aan die Ossewabrandwag en sy geestelike waardes verhewe gebly het bo hierdie spel van volksverwoesting sou met weersin aanskou het hoe die vryheid van die demokrasie hom in die afgelope verkiesing self gevangegeneem het, was dit nie dat daarin ook juis 'n minagting vir die stelsel self opgemerk kon word nie.

Nadat ons volk 'n paar jaar lank iets so heeltemal nuuts ondervind het in die ordelike vergaderings en optogte van die Ossewabrandwag dat dit byna 'n jaar geneem het om buitestanders te oortuig van die feit dat die Ossewabrandag nie gediend is met die chaosstigtende vraestellery en ,,mosies'' (die naam self verklaar sy vreemde oorsprong) wat politieke byeenkomste kenmerk nie, moes ons aanskou hoe die ou-ou partypolitieke neertrekkery en bevuiling in volgordelike afgerigtheid hom maar weer voor ons oë afspeel. Dit het begin by die publikasie van ,,gemengde'' portrette—geen verkiesing kan volmaak wees daarsonder nie!

Dit het aan die gang gekom met die gebaarde klag van ouderdomspensioene wat afgeneem staan te word indien die slagoffer verkeerd stem. Dit het krag ontvang met aanhalings uit die rykdom van partypolitieke inkonsekwensies wat soos tennisballe van die een na die ander geslinger het. Dit het sy toppunt bereik by die opbréking van vergaderings en die bestoking van sprekers (soos in Krugersdorp) met vuilgoed. En dit het afgesluit met ,,sensasionele'' berigte van skoene en komberse wat uitgedeel word en telegramme van teenstanders wat ,,bloot toevallig'' in eie hande geval het.

Ons sê ons het gesien hoe die vryheid van die demokrasie homself gevangeneem. Tot skaamte van ons volk is daar hierdie keer seker meer vergaderings opgebreek en doodgejou as in enige vorige eleksie. Mense wat hulle daaraan skuldig gemaak het, is mense wat voorgee dat hulle aan die demokrasie glo, en daarom beveg hulle juis die Ossewabrandwag wat glo 'n diktatuur voorstaan en orde op sy vergaderings handhaaf.

Die grondbeginsel van demokrasie, so word ons geleer, is vryheid van spraak, maar so vry het die demokrasie in sy verval geword dat die vryheid om iemand se mond met tamaties of ander partywapens toe te gooi, die vryheid van spraak tans ver oortref. Ons kan in hierdie eerlose amokmakery slegs 'n veragting vir die saak waarvoor en waarmee daar nog geveg word, by die deelnemers ontdek. Daarom wil ons al ons volksgenote uitnooi om liewer die Ossewabrandwag te help om daardie veragtelike stelsel wat ons volk so verneder, te vervang deur iets meer verhewe en stigteliks. Indien daar egter werklik nog Afrikaners is wat plesier ontvang uit hierdie eleksiegemors, is dit nodig dat elke Afrikaner wat wars daarvan is nou tot die Ossewabrandwag toetree sodat ons met gedissiplineerde optrede ons volk kan red uit die slyk waarin die partypolitiek met sy gewentenlose metodes hom daeliks dieper suig. Die Ossewabrandwag het reeds die pad aangewys en hy sal dit seker nog deegliker aanwys met behulp van sy wagafdelings in elke kommando wat tans in die lewe geroep word — jongmanne wat weens hul gedissiplineerde optrede en opleiding nie net 'n voorbeeld van waardigheid sal wees nie, maar ook 'n waarborg vir ordelikheid.

# Min of Meer Belangrik

### *Andersom klink dit bekend*

Op 'n vraag aan mnr. Eric Louw waarom die O.B. se aanbod nie aanvaar is nie, het mnr. Louw geantwoord: ,,Omdat daar 'n voorwaarde aan geheg was dat die Party sy identiteit moes prysgee en dat kandidate deur die O.B. moet goedgekeur word.''

Ruil net die woorde ,,Party'' en ,,O.B.'' om, en kyk of dit nie bekend lyk nie — ,,omdat daar 'n voorwaarde aan geheg was dat die O.B. sy identiteit moes prysgee en dat kandidate deur die Party moet goedgekeur word''.

* * *

### *Verwagting*

Op Frankfort het dr. Malan na aanleiding van 'n vraag oor die O.B.-aanbod verklaar ,,dat hy nie met die Ossewabrandwag 'n ooreenkoms kon tref nie. Hy het egter verwag dat hulle net soos die Spoorbond en die Gryshemde 'n verklaring sou uitreik om sy party te steun.'' (Die Gryshemde het daarna in die pers ontken dat hulle so 'n verklaring sou uitgereik het.)

* * *

### *Rookfront Gesaboteer*

Gerugte van onlangs wou dat die papier wat tans vir sigarette gebruik word, 'n nadelige uitwerking op die gesondheid van rokers het. Volgens Sapa het die bestuur van die Suid-Afrikaanse sigaretvervaardigers na aanleiding van hierdie bewering 'n verklaring uitgereik waarin hulle so 'n nadelige uitwerking ontken en aanvoer dat die papier ingevoer word van fabrieke wat slegs ,,onskadelike grondstowwe van die beste gehalte'' gebruik.

* * *

### *Die Oosfront*

Die Duitsers het verlede week 'n kragtige aanslag op die Russiese sametrekkings aan die Oosfront van stapel gestuur waaruit gevegte ontwikkel het wat as hoogtepunte in die oorlog beskryf word. Dit is klaarblyklik geen grootskaalse offensief nie, maar 'n aanslag op die Russiese gereedstellings vir 'n offensief wat waarskynlik met die tweede front moet saamval.

* * *

### *Hulle Rook !*

'n Gedissiplineerde jong Brandwag van Kaapstad wat al gewoon geraak het aan die ordelike vergaderings van die Ossewabrandwag, het tydens die verkiesingsveldtog 'n politieke vergadering gaan bywoon. Ná die vergadering het hy aan sy vriende een en ander van sy ondervinding vertel, en sy verbasing uitgespreek oor die feit dat byna almal in die saal by sy binnekoms gesit en rook het!

* * *

### *Doodtevrede*

'n Grappige voorval het tydens die verkiesing op Bellville plaasgevind toe 'n Sap geesdriftig toegejuig is deur die nasionale gehoor toe hy 'n mosie voorstel waarin die hoop uitgespreek word dat dr. Malan nog lank die leier van die Opposisie sal bly!


## VOLKSKAS

verskaf alle bankdienste (ook tjekrekeninge)

**31**

Takkantore bedien die Bank se kliënte deur die hele Unie

**TOTALE BELEGGINGS £3,300,000**

Vra verdere inligting by die VOLKSKAS-kantore:

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**
(Opgerig kragtens die Ko-operatiewe Wet)



Die Volk se Bank

***DINK AAN 8 AUGUSTUS !***

## W. VOIGT BPK., HUGENOOT.

*Fabrikante van . . .*

***Kelder en Besproeiings Masjinerie, Sleepwaens, Boerewaens, Ens., Ens.***

Foon: Paarl 23.

**Posbus 10, Hugenoot.**

***Waarde vir geld***

***Kommando***



***-sigarette***

# Kandidate Verwerp Vyandskap

## Samewerking in Twee Kiesafdelings op Laaste Oomblik Verkry

**Eensgesinde optrede in 'n paar kiesafdelings in Transvaal is op die laaste oomblik verkry deurdat die H.N.P.-kandidate ondubbelsinnig onderneem het om nie weer die Ossewabrandwag te beveg nie. Een van die keisafdelings is Standerton, waar genl. Smuts se posisie as gevolg van hierdie ontwikkeling in ernstige gevaar gestel is, hoewel dit gevaarliker vir hom sou gewees het indien die volkseenheidskandidaat, die eggenote van 'n geïnterneerde, sy enigste teenstander was.**

Mev. I. J. Hansen, eggenote van 'n geïnterneerde O.B.-generaal, is aanvanklik genader om haar as onafhanklike verkiesbaar te stel as sinnebeeld van vrouelyding in die oorlog. Later het die H.N.P.-leiding adv. J. F. Ludorf van Johannesburg ingevoer as partykandidaat sodat daar 'n driehoekige geveg ontwikkel het. Ten einde verdeelde optrede teen die Empireleier te voorkom, het die ondersteuners van mev. Hansen ingewillig tot haar terugtrekking mits die ander kandidaat bereid was om 'n onderneming in belang van volkseenheid te gee.

Adv. Ludorf het daarop die volgende verklaring onderteken, waarna mev. Hansen se kandidatuur teruggetrek is:

**„Ek, adv. J. F. Ludorf, jr., verklaar en onderneem hiermee om die Ossewabrandwag en ander republikeinse organisasies nou en na die verkiesing nie te beveg nie en die eenheid van die Afrikanerdom in die hand te werk."**

Die ander kandidaat wat 'n soortgelyke versekering gegee het, is mnr. J. H. Jacobsz van Bethal. In sy geval het nie net die kandidaat nie, maar die hele plaaslike organisasie van die H.N.P. ondernemings gegee. **Dit lui dat persone wat aan ander goedgesinde organisasies behoort toegelaat sal word tot die Herenigde Party en ook die reg sal hê om in besture te dien en ampsdraers te word van die Party. Die Herenigde Party in Bethal onderneem verder dat die afgevaardigdes wat daarvandaan na die Herenigde Partykongres gestuur sal word, sal pleit en daarvoor sal veg dat die Party ook op ander plekke hul voorbeeld moet volg.**

Mnr. Jacobsz het verder onderneem dat hy geen ander goedgesinde organisasie sal aanval of kritiseer nie en dat hy sy invloed sal gebruik om binne die Party ook 'n einde te maak aan die vyandigheid jeens ander nasionaalgesinde organisasies.

Die Volkseenheidskandidaat in hierdie kiesafdeling was mnr. A. J. van den Berg, wat aanvanklik deur die organisasie van die H.N.P. in Bethal genader is om hom verkiesbaar te stel. Na die onderhandeling is egter aan hom die eis gestel dat hy moet bedank as lid van die Ossewabrandwag. Hy was bereid om 'n verklaring te teken dat hy die party getrou sal dien en sal bedank indien hy later nie meer daarvoor kans sien nie. Die Party het egter aangedring op sy bedanking uit die O.B., waarna hy uitgeskakel is as kandidaat.

In 'n groot aantal ander kiesafdelings het O.B.-lede met vrymoedigheid gaan stem deurdat die kandidate kort voor stemdag die een of ander versekering gegee het. In die Paarl b.v. het mnr. Pieter Hugo 'n skriftelike onderneming gegee om nie medérepublikeine aan te val nie.

In Vasco het mnr. Dirk Mostert die aand voor die verkiesing in 'n kragtige toespraak lof gebring aan die Ossewabrandwag as volksbeweging en in duidelike taal die partypolitiek veroordeel as die oorsaak van ons volksverdeeldheid. Hier het dan ook hoë offisiere die volgende dag vir hom stemme aangery.

## SAAGBANK GESKENK VIR 8 AUGUSTUS

**,n Pragtige en waardevolle saagbank met 'n blad van gietyster, 'n staalas, en 'n 20 duim-saag wat in alle opsigte volmaak afgerond is word te koop aangebied vir die O.B.-fonds op 8 Augustus. Dit is gemaak deur hoofkomdt. D. J. Geldenhuys van Parow wat nie alleen 'n gekwalifiseerde ingenieur is nie, maar reeds bekendheid by 'n groot aantal boere in Kaapland verwerf het vir sy handige gereedskap. Hierdie stuk gereedskap is vandag onverkrygbaar en sal vir niks minder nie as £100 deur 'n winkel verkoop word. Dit is so gebou dat dit ook met 'n 30 duimsaag kan werk. Dit is geskik vir die maak van vrugtekissies, pale, vuurmaakhout, ens.**

**Die hele bedrag gaan vir die fonds, en komdt. Geldenhuys onderneem om dit vry te laai op die stasie.**

**Die hoogste bieder sal hierdie waardevolle stuk gereedskap ontvang. Alle briewe kan gerig word aan die Wes-Kaaplandse Hoofkwartier van die Ossewabrandwag. Die saagbank self kan besigtig word ten huise van die skenker.**


**SASBANK**

*Verrig Volksdiens !*

Lenings vir gesalarieerde persone verkrygbaar.

*Terme uiters billik.*

RAADPLEEG SASBANK

PAARL:— Posbus 266.

WORCESTER:— Posbus 57.

KAAPSTAD:— Posbus 2387.


## OSSEWABRANDWAG BLY SY BEGINSELS GETROU

### K.G. Geesdriftig Ontvang in Vrystaat

BLOEMFONTEIN, 23 Junie.—Soos in die vorige offisierslaertrekkings in Transvaal en Kaapland die geval was, was die vergadering in die Clarendonsaal op Woensdagaand, 23 Junie ook gekenmerk deur die allergrootste geesdrif en volste vertroue in die leiding van ons Kommandant-generaal. Ten spyte van die gure winterweer, lang afstande en vervoermoeilikhede, was die saal, wat 400 sitplekke bevat, tot aan die deure gevul, want wie nie sitplek kon vind nie, het gewilliglik gestaan.

Dr. Van Rensburg het verklaar dat hierdie nie die enigste offisiersvergadering in die stad is nie. Smuts het daardie middag ook sy offisiere in Bloemfontein toegespreek. Spreker verkies egter sy eie — Smuts s'n word beloon vir hul werk, syne kan nie van hul werk weggehou word selfs deur Noodregulasies nie!

Die K.G. het kortliks die herindeling van die Ossewabrandwag verduidelik en die houding met betrekking tot die verkiesing kragtig en onomwonde uiteengesit.

Met verwysing na adv. Jerling se kandidatuur het die K.G. gesê: dit staan enige O.B.-offisier of lid vry om kandidaat te word, want die O.B. het nog nie sy lede belet om aan een of ander party te behoort nie. **Adv. Jerling wat 'n hoë offisier was, MOES egter bedank voordat hy kandidaat kon word en in sy plek is genl. Anderson onmiddellik aangestel as Inspekteur-generaal. Dit is dus 'n bewys dat daar geen knoeiery was nie.**

Die O.B. het gekom om te bly ondanks dr. Malan en genl. Smuts, het spr. gesê. Vir die eerste keer in die afgelope veertig jaar het ons volk 'n visioen gesien van 'n partylose volk sonder broedertwis en hy gaan hom nie

(Vervolg op volgende kolom)

(Vervolg op voorgaande kolom)

van die ingeslane weg laat ontvoer nie. **Die O.B. skel nie op mede-Afrikaners wat die rooilussie dra nie maar beskou alger as bloed van ons bloed.**

In verband met die aantygings teen die O.B. het spr. gesê: „Veronderstel dat die O.B. kandidate gestel het en ek het onbestrede ingekom, hoe groot sou die gekerm dan nie gewees het nie! Dan sou ek daarvan beskuldig kon word dat ek met Smuts skakel en beloon word vir informasie wat ek gegee het of verklarings wat ek voorgelees het. Maar as dr. Malan onbestrede inkom, is dit doodgewoon."

Na afloop van dr. Van Rensburg se toespraak is ruim tyd vir bespreking en die stel van vrae gegee. **Opmerklik was die herhaalde versoeke, gesteun deur langdurige handgeklap van die aanwesiges, dat die K.G. 'n bevel moet uitreik dat Brandwagte buite stemming moet bly! Dit was besiis die oorheersende gevoel by die teenwoordige offisiere en die Kommandant-generaal moes telkens beklemtoon dat die Ossewabrandwag hom hoegenaamd niks met enige aangeleentheid van die partystelsel gaan of wil inmeng nie en dat so 'n bevel dus buite die funksie van die beweging is.**

Gebiedshoofgeneraal Japie van der Merwe het voorgesit en aanvanklik verklaar dat die doel van die O.B. is om kragte saam te snoer in belang van die volk en die organisasie derhalwe sy eie konstitusie sal verbreek as hy kant kies in hierdie stryd deur deel te neem aan die broedertwis wat ontketen is.

Die vergadering is geopen met 'n gebed deur ds. P. Boshoff en afgesluit met die sing van Die Stem.—(Kor.)

# Betekenis van Ossewabrandwag se Deelname aan die Verkiesing

Die feit dat die Brandwagte, ten spyte van hul afkeer van alle demokratiese partyverkiesings, aan die verkiesing deelgeneem het en elkeen 'n eie keuse tussen die verskillende anti-oorlogskandidate gedoen het, kan die partypolitici miskien onder 'n verkeerde indruk bring. Ons wil hulle graag net vroegtydig uit 'n moontlike verkeerde droom help. Ons kan die partypolitici — hulle is tog te lief vir afleidings wat netjies in hul eie kraam pas.

(a) Die Brandwagte het in die eerste plaas aan die verkiesing deelgeneem met die bedoeling om van die demokratiese partyverkiesing 'n werklike waardevolle volksdemonstrasie teen die oorlogsbeleid van genl. Smuts te maak. Ongelukkig het die seteljag van 'n demokratiese parlementarisme die montlikheid van 'n daadkragtige volksverset teen die Regeringsbeleid by voorbaat verydel.

(b) Selfs ten spyte van hierdie feit, wat reeds vroeg in die verkiesingstryd tot uiting gekom het, het die Brandwagte hul keuse tussen die anti-oorlogskandidate selfs op grond van seteljagtery gedoen met die gevolg dat ook hulle stemme proporsioneel volgens die eie stemkrag van die verskillende anti-oorlogse groepe op die kandidate van hierdie groepe uitgebring is.

Van hierdie twee handelinge sal die partypolitici miskien probeer aflei (i) dat die O.B. nou ook oortuig is dat die vryheid van ons volk langs demokratiese weg verwesenlik kan word, en (ii) dat die O.B. die anti-oorlogse party wat die ander anti-oorlogse partypolitieke groepe in die verkiesing deur sy aantal setels prakties uitgeskakel het, nl. die H.N.P., verkies bo die ander groepe en dat die O.B. dus vir die toekoms 'n soort aanhangsel van die H.N.P. sal word of selfs ook sal verdwyn.

**Albei hierdie moontlike afleidings van partypolitieke kant sal teen 'n werklikheid, wat geen dromery duld nie, in mekaar stort.**

Ons noem dit maar by voorbaat. Hierdie werklikheid bestaan naamlik uit twee doodeenvoudige faktore:

**(1) Veral na sy ervaring van die jongste partyverkiesing, waarvan onderlinge wantroue, rusie, uitskellery en beswaddering van mede-Republikeine die hoofkenmerk was, is die O.B. nog meer as ooit tevore oortuig dat die eenheid van ons volk en die oorwinning oor die Smutsbewind nie langs die weg van demokratiese partypolitiek verwesenlik kan word nie, en**

**(2) dat, net so min as wat die hele mens net uit 'n stem bestaan, net so min bestaan die volk net uit 'n groepie parlementêre verteenwoordigers.** Die uitskakeling van 'n party of groep uit die parlement omdat hy nie in die verkiesing kandidate gestel het of die stemverdeling sodanig was dat hy geen setel in die parlement verower het nie, **beteken nog nie dat daardie party of groep nie meer in die volkslewe bestaan nie!** En die O.B. dien en verenig die volk, nie 'n paar parlementêre verteenwoordigers nie en kan daarom nooit die aanhangsel van 'n parlementêre front word nie of uit die volkslewe verdwyn omdat 'n parlementêre groep andersins sy bestaan ontken nie! **Al sit van al die anti-oorlogse politieke partye en groepe net H.N.P.-verteenwoordigers in die parlement, dan het ons nog nie volkseenheid nie.** Dit was dr. Malan se heerlike droombeeld!

Tot ontnugtering van dergelike party-politici moet ons maar net vasstel dat 7 Julie geen verandering in ons volkslewe gebring het nie — behalwe natuurlik die verskerping van die onderlinge verdeeldheid—**en dat die O.B. soos altyd onwrikbaar voortmarsjeer om ons volk op natuurlike wyse te verenig en langs die weg van die totale mobilisering van alle Afrikaanse kragte en aktiwiteite te bevry van die Empirejuk. 7 Julie het geen verandering in die beleid, gees en koers van die O.B. gebring nie, maar dit inteendeel versterk.**


MAGTIGE ROLPRENTVERTONING IN KLEUR.

## „Die Gedissiplineerde Afrikanerdom"

*DIE PRENT VAN DIE JAAR.*

Toegejuig deur Tienduisende Afrikaners.

Die Eerste 100% Afrikaanse Rolprent van sy Soort.

- Verering van Boerehelde.
- 'n Blik uit die slag van Amajuba.
- Die Stille skoonheid van die Wildtuin.
- Romantiese toneel in die hoofstad van Oom Paul.
- 15,000 gedissiplineerde Afrikaners op parade.

KOM KYK WAT U EIE BEWEGING REEDS PRESTEER HET!

*('n Roaf Vertoning.)*

*Vanaf 28 Junie tot 9 Julie in Oos-Transvaal.*

*Vanaf 10 Julie tot 20 Julie in Noord Transvaal.*

**Let op vir Plakate en Aankondigings in die „Die O.B." wanneer u dorp besoek word.**

## *VERJAARDAGKETTING*

**15 Julie:** Aletta Lombard (Malmesbury); **16 Julie:** Wynand Louw (Kaapstad), Hester van Wyk (Stellenbosch), Nicolaas Benjamin Swanepoel (Beaufort-Wes), Hilda Kruger (Paarl), Bessie du Toit (Sutherland); **17 Julie:** Theunis Kotze en Theuna Kotze (Wilgenhoutsdrift, (Upington), Jeconiah Jooste (dist. Paarl), Margreta Malherbe (Bellville); **18 Julie:** Thomalina Elizabeth Theron (Sutherland), Johannes Marthinus Bouwer (Beaufort-Wes); **19 Julie:** Marie Barnard (Malmesbury), Erene Theron (Sutherland), Adriana Scholtz (Johannesburg); **20 Julie:** Christina Olivier (Sutherland), Samuel Blom (Sutherland); **21 Julie:** Helena Isabella Gerber (George), Johanna Visser (Kaapstad), Hendrik van den Berg (Fouriesburg).

## A.K.G. OP BELFAST

**Genl. J. A. Smith, adjunk-K.G., sluit sy Transvaalse toer af met 'n vergadering te Belfast op Saterdag, 17 Julie, om 7 nm.**

## O.B.-NOODHULPFONDS

**Die volgende verdere bydrae tot ons fonds vir hulpverlening aan die afhanklikes van geïnterneerde Afrikaners is aan Die O.B. bekend gemaak:**

VRYSTAAT TOT 31 MEI.

| | £ | s. | d. |
|---|---|---|---|
| Reeds erken | 6,284 | 5 | 7 |
| Kom. 2A2 en 2A7 | 3 | 0 | 0 |
| ,, 2B4 en 2B6 | 63 | 19 | 0 |
| ,, 2C7 | 1 | 13 | 0 |
| ,, 3A1 | | 10 | 0 |
| ,, 3A2 | 1 | 12 | 6 |
| ,, 3A3 | 2 | 1 | 10 |
| ,, 3C3 | 9 | 18 | 4 |
| ,, 3C7 | 2 | 10 | 0 |
| ,, 3C8 | 2 | 10 | 0 |
| ,, J4B1 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 4B3 | 5 | 5 | 0 |
| ,, 4B6 | 14 | 17 | 6 |
| ,, 5A1 | 30 | 0 | 0 |
| ,, 5A3 en 5A8 | 19 | 6 | 0 |
| ,, 5A9 | 1 | 10 | 0 |
| ,, 5D2 | 8 | 0 | 0 |
| ,, 5D3 | 12 | 2 | 0 |
| ,, 5D6 | 1 | 1 | 0 |
| ,, 5E6 | 1 | 17 | 6 |
| ,, 6B6 | 2 | 0 | 0 |
| ,, 6B8 | | 6 | 0 |
| ,, 6C2 | 5 | 0 | 0 |
| ,, 7A3 | 1 | 3 | 6 |
| ,, 7A8 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 7C8 | 1 | 10 | 0 |
| ,, 7C1 en 7C6 | 6 | 18 | 11 |
| ,, 9A8 | 3 | 0 | 0 |
| ,, 9B6 | | 19 | 0 |
| ,, 9D1 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 9E1 | 2 | 13 | 6 |
| ,, 9E7 | 1 | 0 | 0 |
| ,, 9E8 | | 7 | 0 |
| ,, 11A6 | 1 | 5 | 0 |
| ,, 11B1 | 2 | 7 | 6 |
| ,, 11C8 | 1 | 18 | 0 |
| ,, 11D1 en 11D6 | 2 | 14 | 6 |
| ,, 12A3 | 4 | 0 | 0 |
| ,, 12A8 | 2 | 4 | 3 |
| ,, 12B6 | 1 | 0 | 0 |
| Spoorweg-Dames | 60 | 0 | 0 |
| Mnr. Hein Mück | 5 | 0 | 0 |
| Hoofkwartier-Staf | | 15 | 6 |
| | £6,575 | 1 | 11 |


# MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

*KOOP NOU!*

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

**Werda Meubelhandelaars (Eiendoms.) Beperk,**

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.

*Woorde Mag Mooi Wees, Maar Dade Tel . . . . .*

● Dit help nie om u mede-Afrikaners net met woorde aan te moedig nie: Ondersteun hulle met dade en stuur al u produkte aan die bekende Markagente

**G. C. du Plessis en Kie.**

**Môremark, JOHANNESBURG.**

**Posbus 2817. Foon 33-5060. Tel. Adres: ,,Duplesko.''**

**Skryf om besonderhede en adreskaartjies. Bankiers: VOLKSKAS (Koöp.) BPK.**


*DINK AAN 8 AUGUSTUS*

## *Geklassifiseerde Advertensies*

### TARIEF VIR GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES

**2d. per woord en 6d. vir elke afsonderlike versreël of naam, minimum 4/- per plasing. Alle geklasifiseerde advertensies is streng vooruitbetaalbaar en gelde moet advertensies vergesel. Advertensies kan gestuur word aan Posbus 1411, Kaapstad, of Posbus 4892, Johannesburg.**

### GEBOORTE

**HURTER.** — Aan Hoof/Kommandant en Kommandante J. A. Hurter, Symondslaan, George, 'n fris seun op 28 Junie. Albei wel.

**GILIOMEE.** — Aan H/Komdt. en mev. Jurie J. Giliomee van Wolwepoort, Villiers, 'n fris O.B.-seun op 27 Junie 1943. Ons innige dank aan die Here, asook ons hartlike dank aan dokters en mev. Degenaar.

### VERLOWING

**VAN DER POEL—FOURIE:** Hiermee wens ons, Roux en Johanna, bekend te maak dat ons verloof is.

**OOSTHUYSEN — STEENKAMP:** Hiermee wens ons, Stella en Nol, albei vroeër van Goudini, en tans van Kaapstad en Nababeep respektiewelik, bekend te maak dat ons verloof is.

### HUWELIK

**DU TOIT — SIEBRITS:** Hiermee maak ek, Willie, gewese adjudant van die O.B. Manne-Kommando, Porterville, aan al my O.B.-vriende(inne) bekend dat ek D.V. in die huwelik tree in die N.G. Kerk, Paarl-vallei, op Saterdag, 17 Julie om 4-uur n.m. met Irene, dogter van mnr. en mev. P. N. Siebrits, La Colline, Joubertstraat, Paarl. Ontvangs en gelukwense: La Colline, Joubertstraat, Paarl.

**LOUBSER — OLIVIER:** Die huwelik word bekend gemaak van Helene, dogter van mnr. en mev. H. Olivier, Oudtshoorn, en Pieter, van ,,Prospect Hill,'' Kliipheuvel, seun van mev. P. E. Loubser, Kloofstr., Paarl, en vind plaas op Saterdag, 17 Julie, om 2-uur n.m. in die Ned. Geref. Kerk, Oudtshoorn. Ontvangs: Afrikaner-Koffiehuis, Oudtshoorn.

**Jonck — Coetzee:** Hiermee maak ons bekend dat Burger, seun van mnr. F. Jonck van die gemeente Herold, en Maria, dogter van mnr. en mev. J. P. Coetzee, D.V. op Maandag 2 Augustus in die N.G. Kerk, Adelaide, trou. Gelukwense en telegramme: Spoorweghuis 15, Adelaide. Geen Resepsie.

### DOODBERIG

**LE GRANGE.** — Op die aand van 2 Julie 1943, is daar van ons weggeneem deur die dood, ons teerbeminde eggenoot en vader, Andries Marthinus Le Grange, in die ouderdom van 64 jaar, na 'n smartvolle lyding, op sy plaas (Fortuin), dist. Beaufort-Wes. Die bedroefde eggenote en kinders, Andries, Christoffel, Frans, Nellie en skoondogters.

### MEEGEVOEL

**LE GRANGE:** Die Wes-Gamka Manne- en Vroue-Kommando's betuig hiermee hulle innigste deelname met die eggenote en kinders in hul swaar verlies. Dit het die Hemelse Vader behaag om van hulle weg te neem hulle eggenoot en vader, Andries Marthinus Le Grange. Oom, Vriend en Kameraad ons gun u die ewige rus. Tot weersiens.

### UITNODIGING

Genl. H. A. J. du Toit en H/Komdte. mev. H. C. v. d. Merwe, nooi alle offisiere en brandwagte van omliggende generaalskappe uit na die hooffunksie van Gebied C, op Bethlehem, 7 Aug. 1943, om Ossewabrandwagdag te vier. Groot perdekommando gaan K.G. ontmoet.

### KURSUS

KOM na Graaff-Reinet vir u Kursus in (nuwe) Volksang en Volkspele, gedurende die September-vakansie. Spesiale aandag aan onderwysers(esse) vir leiding gee en getuigskrifte. Besonderhede van: **Jan Haarhoff, Bus 115, Graaff-Reinet.**

### TE KOOP

AARTAPPEL-MOERE, ARRAN-CHIEF. — Hansmoeskraal Saadaartappelkwekersvereniging, bied aan Goewernements-gesertifiseerde moere met A sertifikaat teen 25/- per sak 153 pond V.O.S. George-stasie. Kontant met bestelling. Doen aansoek by: **H. D. Metelerkamp, Groothoek, Posbus 47, George.**

GESERTIFISEERDE Arran-Chief moere van Outeniqualand-Saadaartappelkwekersvereniging teen 25/- per sak. Kontant met bestelling. Doen aansoek by Sekretaris: **R. Barnard, Langhoek, Grootbrakrivier.**

VANS CONCRETE PRODUCTS. — Terazzo, Kombuis- en handwasbakke, baddens, septiese tenks, pilare, vloerteëls, voertröe. Enigiets in beton. Direkteure: **P. W. en P. G. van Heerden, Potgieterstraat 384, Pretoria.**

BESTE kwaliteit heuning-tee, 93 pond sak 20/-, 50 pond 10/6. 25 pond 6/-. Vars aartappels, 14/- per sak. Gelewer Bushalte, Speelmanskraal, George. K.M.B. **Burger Jonck, Kliprivier, P.K. Speelmanskraal, George.**

KRAALMIS. — Beste kwaliteit, geen onkruid; met hamermeul fyn gemaal. Gereed vir Kunsmistoestelle. Gelewer bona fide boere se stasies teen 30/- per ton van 11 goeie sakke, K.M.B. **S. Nel, Uitvlugt, Sheldonstasie.**

### TE KOOP

BESTE gehalte Kraalmis, fyn gemaal en geskik vir die gebruik in Kunsmistoestel, 32/6 per ton van 12 sakke, 38/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B., vry gelewer Uniestasies. Plaas bestellings vroegtydig. My Bank: Volkskas, Port Elizabeth. J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.

**S.A.-Grafsteen en Monumentwerke (Eins.) Bpk.**, waarby ingelyf is Die Suid-Afrikaanse Monumentewerke. Grafstene, Randmure ens. Vir meer besonderhede skryf aan Posbus 2, **Maitland**, of telefoneer 5-4420, of na-ure 5-2823. Adres: **Voortrekkerweg, Maitland.**

### Eiendomme

Raadpleeg Benadé vir die koop en verkoop van huise, plotte en plase in Bloemfontein en distrikte. Geld beskikbaar teen lae rentekoers. **J. G. Benadé, Sasbank, Bloemfontein.**



VARS vrugte uit u eie tuin smaak altyd beste. Bestel dadelik u eie bome om teleurstelling te voorkom. Dagbreek-Kwekery sal u verwagting ver oortref. Verpakking- en spoorvrag vry. Gratis katalogus op aansoek. DAGBREEK-KWEKERY (Gidion Brits en Seun), Foon 3, Jachtfontein, P.K. Jachtfontein oor Johannesburg.

DEEL in die Winste. — Weet u alles van die opspraakwekkende verowering van die meubelmark deur 'n suiwer Afrikaanse-onderneming? Excelsior Meubels se pragbrosjure toon hoe ses groot takwinkels en twee fabrieke in diens van die volk presteer. U kan deel in die winste — die brosjure verduidelik hoe. Skryf dadelik om gratis brosjure aan: **Excelsior Meubels Beperk, Posbus 6670, Johannesburg.**

### BENODIG

FLUKSE jong dame van 20 tot 30 jaar om met huishouding behulpsaam te wees. Alleenlik blanke personeel in diens. Aanvangsalaris £4 per maand met spoedige verhoging. Meld vroegste datum wanneer dienste aanvaar kan word. Rig applikasies met afskrifte van getuigskrifte aan: **Mev. dr. J. S. du Toit, Vreugde, Oliverweg, Seepunt.**

ONGETROUDE hulp-voorman teen £3 per maand met vry inwoning. Moet kennis hê van en toesig hou oor vee, vrugte-, blom- en groentetuine en pluimvee. Plaas in Paul Roux. Moet lid wees van O.B. Getuigskrif van O.B.-Kommandant 'n vereiste. Skryf aan: **J. F. v. d. Merwe, Bus 668, Bloemfontein.**

FLUKSE ongetroude blanke jongman om behulpsaam te wees op plaas met gemengde boerdery. Meld salaris verlang. Getuigskrif van O.B.-offisier 'n vereiste. Rig applikasies aan: **P. Stofberg, Bus 20 Worcester.**

MANS persoon of dame om Kommando te onderrig in die maak van leerwerk, bv. leersakke, pantoffels ens. Moet O.B.-gesind wees en vir 'n tydperk van 2 weke in Kommando bly. Skrywe aan: **J. J. Jooste, Bus 18, Loxton.**

ASSISTENT BOOMKWEKER. — Hardwerkende kwekeryman met praktiese kennis van Rose okkuleer, aankweek van Struike en Sierbome. Moet ook kennis dra van bestellings uitvoer. Applikasies en getuigskrifte aan: **Herholdt se Boomkwekerye, Posbus 660, Johannesburg.**


**HERHOLDT se BOOMKWEKERYE**
**Posbus 660, — Johannesburg.**

JULIE, AUGUSTUS PLANTTYD.—Pragtige voorraad geakklimatiseerde vrugtebome, vroeg en laat soorte: **Appel, Perske, Peer, Pruim, Amandel, Mispel, Okkerneut, Tamatiepruim, Kweper, Vye, Moerbei en Wingerdsoorte** wat tevredenheid aan duisende planters verskaf het. Aanvraag geweldig groot, bestel sonder versuim! Raadgewende **Katalogus** gratis aan planters.

*Maak Kennis met die*

# Nuwe Volkspele

**Opgestel deur Hester Morrison**
**(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)**
**Met Musiek en Liedjies (grondgedigte) deur**
**M. L. de Villiers**
**Komponis van ,,Die Stem van Suid-Afrika.''**

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

**Prys 4/3 posvry**

**Bestel by die uitgewers,**
**PRO ECCLESIA-DRUKKERY**
**Posbus 28, Stellenbosch**
**of by u Boekhandelaar.**

*RAMME*

Opreggeteelde Wanganella Ramme teen baie redelike pryse. Kudde Ramme £3-10-0 tot £10. Stoet Ramme £12-10-0 en hoër. Groot karkasse met uitstaande kwaliteit en lengte die kenmerke. Skrywe aan: **J. H. MOOLMAN, Merino, P.S. Cradock. Foon 712.**

Voeg
DIE DAAD
by
DIE WOORD
Rook

# DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. — Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: **D. D. DE KOCK**

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

**V.M.K. AANBEVEEL.**

# Schoemanello Drank . . .

**VIR KWALITEIT EN TEVREDENHEID DIE GOEDKOOPSTE**

| | PER BOTTEL.—As u van 1 tot 5 bottels neem in gemengde kissie van 12 bottels. | PER BOTTEL.—Om van 6 tot 12 van een soort te neem in kissie van 12 bottels. | PER GELLING.—In 5-gel. vaatjie of meer. |
|---|---|---|---|
| **WYNE:** | | | |
| Fonkelwyn | 5/– | 5/– | — |
| Lewenswyn | 3/6 | 3/6 | — |
| Vermouth | 2/6 | 2/6 | — |
| Hanekraai-Cocktail | 3/6 | 3/– | — |
| Likeurwyn | 2/– | 1/8 | 8/6 |
| Ou Port | 2/– | 1/8 | 8/6 |
| Jeripigo Rooi | 1/3 | 1/2 | 6/– |
| Jeripigo Wit | 1/3 | 1/2 | 6/– |
| Soet Muskadel | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Port | 1/2 | 1/1 | 5/6 |
| Worcester Hock | 1/1 | 1/– | 5/– |
| Pontak | 1/1 | 1/– | 5/- |
| Spesiale Sjerrie | 1/– | 11d. | 4/9 |
| Sjerrie | 11d. | 10d. | 4/3 |
| **BRANDEWYNE:** | | | |
| Schoemanello | 7/6 | 6/6 | 36/– |
| Ekstra Spesiaal | 7/– | 6/3 | 34/– |
| Brandewyn, F.C. | 6/6 | 6/– | 33/– |
| **LIKEURS:** | | | |
| Kersie-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| Anys-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| Gemmer-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| Lemoen-Brandewyn | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| Peperment-Likeur | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| Van der Hum | 6/6 | 5/6 | 31/– |
| **JENEVER LIKEURS:** | | | |
| Lemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |
| Suurlemoen-Jenever | 7/6 | 6/6 | — |

Voeg by 5/- vir kissie en bottels, en 12/6 vir vaatjie wat vergoed sal word by terugsending. Ons lewer drank in ons inhouers solank ons voorrade van inhouers het, en alleenlik op voorwaarde dat die inhouers binne sestig dae aan ons terug besorg word. Weens bottel skaarste kan ons alleenlik in ons eie bottels, kissies drank verpak, waar sulke drank 'n minimum prys van £1-5-0 beloop (5/- vir inhouers ingesluit). Indien goedkoper kissies verlang word moet u u eie inhouers aan ons stuur.

Word verkoop in 12-bottel-kissies of 5-gellingvaatjies of groter. U kissies van 12 bottels kan Wyn, Brandewyn, Jenever, Likeur, Vermouth en Hanekraai bevat. Terme: — K.M.B. plus treingeld na sylyne, K.B.A. plus treinkommissie. V.O.S. OUDTSHOORN.

Bestel van

**JURGENS SCHOEMAN,**
**POSBUS 142, — OUDTSHOORN.**


*DINK AAN 8 AUGUSTUS*

Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 703 Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro-Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.